

**Dra asb hierdie sake vir
Voorbidding aan die Here op**



- Jeugbediening:
Bid asb vir lidmate wat die Here se roeping tot ons tiener- en kinder-bediening ervaar, dat hulle dit biddend oorweeg en getrou daarop antwoord.



- Barmhartigheid:
Bid asb vir ons gemeente se bediening aan behoeftige gesinne in VGK Rosemoor dat lidmate blymoedig tot die kospakkies sal bydra.



- Getuienis:

Bid asb vir elke kind wat deur Andre & Lidy van der Bergh se bediening deur die Ransom Foundation en Willows Church bereik word, dat die evangeliesade wat geplant word sal ontkiem en groei.



- Bid asb vir vennootskappe tussen die plaaslike owerhede en die verskeie kerke in George om deur samewerking 'n blywende verskil in die gemeenskap te bring.



- Inkonteks:

Doen asseblief saam met ons voorbidding vir Kenia.

Lees gerus meer oor die Vlugtelingskampe in Kenia op ons web- en facebookblad





vir

KENIA



21 Apr.
2021

Vir goddelike
wysheid vir die
VNHKV en
Kenia se
regering

Vir diegene vir
wie hierdie
kampe hul
"tuiste" is

Dat die Kerk
die eerste een
sal wees wat
die
'vreemdeling'
liefderyk
omarm



INcontext
INTERNATIONAL



Argief-foto: REUTERS/BAZ RATNER

*Regering dreig om kampe te sluit
terwyl ongeveer 400,000 mense 'n
onseker toekoms in die gesig staar.*

Bid asseblief saam met ons vir Kenia.

'n Keniaanse hof het op 8 April die regering se planne om meer as 400,000 vlugteling uit twee van Afrika se grootste kampe gewaldadig uit te sit, tydelik gestaak, maar die lot van die twee kampe bly onseker. Hierdie bevel is uitgevaardig nadat Kenia se ministerie van binnelandse sake die Verenigde Nasies se Hoëkommissariaat vir Vlugteling (VNHKV) 'n ultimatum van 14 dae gegee het om met 'n plan vorendag te kom om die vlugtelingkampe Dadaab en Kakuma op 24 Maart te sluit. Die VNHKV het gesê dat hy erkenning gee aan “die geweldige vrygewigheid wat die mense en die regering van Kenia vir baie dekades teenoor vlugteling betoon het en die noodsaaklikheid daarvan om situasies van langdurige ontheemding op te los”. Die VNHKV het egter gewaarsku dat 'n katastrofe op hande is indien vlugteling uit hierdie kampe uitgesit word.

Die Dadaab-vluchtelingkamp is naby die Somaliese grens en die Kakuma-vluchtelingkamp is naby die grense van Suid-Soedan en Uganda geleë. Hierdie twee kampe is nie net van die grootstes in Afrika nie, maar ook van die oudste steeds operasionele kampe. Vluchtelingkampe word gewoonlik gesien as “tydelike skuilings” om vlugteling en ontheemde mense, wat weens konflik of rampe uit hul tuisland gevlug het, te huisves totdat die rede hoekom hulle gevlug het nie meer bestaan nie. Die langdurige onstabiliteit en gebrek aan veiligheid in baie van Kenia se buurlande het egter daartoe gelei dat

meerderheid inwoners van Kakuma en Dadaab óf in die kampe gebore is óf op 'n baie jong ouderdom daar aangekom het en dus geen ander “tuiste” ken nie.

Tot en met daar meer stabiliteit in Somalië en Suid-Soedan is, sal Kenia daarmee gekonfronteer word om huisvesting te bied en na die behoeftes van hierdie vlugteling om te sien. Die groter internasionale gemeenskap sal moet ag slaan op die noodkreet en kommer wat deur Kenia se regering uitgespreek word, maar hierdie situasie moet terselfdertyd as 'n geleentheid deur die liggaam van Christus, binne en buite Kenia, beskou word. Die kwessie van integrasie is miskien iets wat Kenia moet oorweeg en hier kan die Kerk in Kenia 'n groot rol speel. Levitikus 19:34 (AFR53) sê: “Die vreemdeling wat by julle vertoef, moet vir julle wees soos 'n kind van die land wat onder julle is. En jy moet hom liefhê soos jouself...” Wat 'n impak kan daar op die Koninkryk gemaak word as vlugteling so omarm word? As volgelinge van Christus kan ons nie op wêreldse strukture staatmaak om die samelewingskwessies op te los nie. Dit sal egter opoffering en 'n langtermynverbintenis verg. Die Kerk in Kenia sal die ondersteuning van ander gelowiges buite hul grense benodig.

“Wanneer God besluit om 'n groot werk te doen, laat Hy eers sy mense bid.” (Charles Spurgeon)



gedurende

RAMADAN



6 Mei
2020

Vir voorsiening
aan diegene in
nood

Vir 'n
stortvloed van
gebede en
oervloedige
voorbidding

Dat gelowiges
met
vrymoedig-
heid hul geloof
met Moslems
sal deel



Foto: www.asianews.it

*COVID-19 het 'n groot impak op
Ramadan.*

Verskeie lande se inperkings en die
ekonomiese impak van die uitbraak,
beperk tradisionele vieringe van Islam se
'heilige maand'.